// OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Friday 1 May 1981 — WINDHOEK — Vrydag 1 Mei 1981 — No. 4456

CONTENTS:

*Page*

**PROCLAMATIONS:**

No. 4 Windhoek (Extension 6): Extension of Boundaries 2

No. 5 Khomasdal (Extension 4): Extension of Boundaries 2

**GOVERNMENT NOTICES:**

No. 28 Establishment of permanent Committees of the Cultural Advisory Board for the White Population Group in South West Africa. 3

No. 29 Amendment of the Model Water Supply Regulations for Village Management Boards as applied to the Village Management Board of Maltahöhe 3

No. 30 Amendment of the Model Staff Regulations 4

No. 31 Village Management Board of Maltahöhe: Amendment of Electricity Supply Regulations 4

No. 32 Municipality of Gobabis: Amendment of Tariff of Fees and Charges Relating to the supply of Electricity 5

**GENERAL NOTICE:**

No. 6 Municipality of Windhoek: Permanent Closing of a Portion of Public Space Erf 6274 Katutura (Extension 1) 5

Advertisements: 6

INHOUD:

*Bladsy*

**PROKLAMASIES:**

No. 4 Windhoek (Uitbreiding 6): Uitbreiding van Grense 2

No. 5 Khomasdal (Uitbreiding 4): Uitbreiding van Grense 2

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:**

No. 28 Instelling van vaste komitees van die Kultuuradviesraad vir die Blanke Bevolkingsgroep in Suidwes-Afrika 3

No. 29 Wysiging van Modelregulasies op Waterlewering vir Dorpsbesture soos op die Dorpsbestuur van Maltahöhe toegepas. 3

No. 30 Wysiging van Modelpersoneelregulasies 4

No. 31 Dorpsbestuur van Maltahöhe: Wysiging van Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing 4

No. 32 Munisipaliteit van Gobabis: Wysiging van Aanslagtarief op Elektrisiteitslewering 5

**ALGEMENE KENNISGEWING:**

No. 6 Munisipaliteit van Windhoek: Permanente sluiting van 'n gedeelte van Openbare Plek, Erf 6274 Katutura (Uitbreiding 1) 5

Advertensies: 6

# PROCLAMATION

by the

EXECUTIVE COMMITTEE OF THE WHITES

No. 4 of 1981

WINDHOEK (EXTENSION 6): EXTENSION OF BOUNDARIES

Under section 29(1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), the Executive Committee of the Whites hereby extends the boundaries of the township of Windhoek (Extension 6) to include Portions 81, 161, 194 to 202 and remainder of Portion 36 (portions of Portion B) of Windhoek Town and Townlands 31, situated in Registration Division K.

The above-mentioned properties are now known as erven 6416 (street), 6417, 6418, 6419, (street), 6420 to 6423 and 6589 to 6592, Windhoek (Extension 6).

A. H. DU PLESSIS
*Chairman* Windhoek, 10 April 1981

*By order of the Executive Committee of the Whites*

No. 5 of 1981

KHOMASDAL (EXTENSION 4): EXTENSION OF BOUNDARIES

Under section 29(1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), the Executive Committee of the Whites hereby extends the boundaries of the township of Khomasdal (Extension 4) to include Portions 192 and 193 (portions of Portion B) of Windhoek Town and Townlands 31, situated in Registration Division K.

The abovementioned properties are now known as erven 2267 and 2268, Khomasdal (Extension 4).

A. H. DU PLESSIS
*Chairman* Windhoek, 10 April 1981

*By order of the Executive Committee of the Whites*

# PROKLAMASIE

van die

UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE BLANKES

No. 4 van 1981

WINDHOEK (UITBREIDING 6): UITBREIDING VAN GRENSE

Kragtens artikel 29(1) van die Ordonnansie op Dorpe- en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) brei die Uitvoerende Komitee van die Blankes hierby die grense van die dorp Windhoek (Uitbreiding 6) uit om Gedeeltes 81, 161, 194 tot 202 en restant van Gedeelte 36 (gedeeltes van Gedeelte B) van Windhoek-dorp en -dorpsgrond 31, geleë in Registrasie-afdeling K, in te sluit.

Bogenoemde eiendomme staan nou as erwe 6416 (straat) 6417, 6418, 6419 (straat), 6420, tot 6423 en 6589 tot 6592, Windhoek (Uitbreiding 6) bekend.

A. H. DU PLESSIS
*Voorsitter* Windhoek, 10 April 1981

*Op las van die Uitvoerende Komitee van die Blankes*

No. 5 van 1981

KHOMASDAL (UITBREIDING 4): UITBREIDING VAN GRENSE

Kragtens artikel 29(1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) brei die Uitvoerende Komitee van die Blankes hierby die grense van die dorp Khomasdal (Uitbreiding 4) uit om Gedeeltes 192 en 193 (gedeeltes van Gedeelte B) van Windhoek-dorp en -dorpsgrond 31, geleë in Registrasie-afdeling K, in te sluit.

Bogenoemde eiendomme staan nou as erwe 2267 en 2268, Khomasdal (Uitbreiding 4) bekend.

A. H. DU PLESSIS
*Voorsitter* Windhoek, 10 April 1981

*Op las van die Uitvoerende Komitee van die Blankes*

# Government Notice

*The following Government Notices are published for general information.*

A. F. van R. MOUTON
*Secretary: Administration for Whites*

No. 28 1 May 1981

## ESTABLISHMENT OF PERMANENT COMMITTEES OF THE CULTURAL ADVISORY BOARD FOR THE WHITE POPULATION GROUP IN SOUTH WEST AFRICA

In terms of subsection (6) of section 8 of the Cultural Promotion Ordinance, 1980 (Ordinance 9 of 1980), it is hereby made known that the Executive Committee of the Whites has established the following permanent committees under subsection (1) of the said section 8:

Plastic, Musical and Literary Arts Committee
Human and Natural Sciences Committee
Family Education and Homemaking Committee
Youth Affairs Committee.

---

No. 29 1 May 1981

## AMENDMENT OF THE MODEL WATER SUPPLY REGULATIONS FOR VILLAGE MANAGEMENT BOARDS AS APPLIED TO THE VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF MALTAHÖHE

The Executive Committee of the Whites has under section 14(2) of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), approved the regulations set out in the Schedule and made by the Village Management Board of Maltahöhe to effect a further amendment to the Model Water Supply Regulations for Village Management Boards, promulgated by Government Notice 47 of 1 April 1965 and amended by Government Notices 57 of 1968 and 80 of 1972, and, in respect of the said Village Management Board, applied by Government Notice 160 of 1 September 1966 and amended by Government Notices 63 of 1971, 149 of 1972, 174 of 1974, 7 and 193 of 1976, 151 of 1977 and 89 of 1978.

### SCHEDULE

1. Regulation 9 is hereby amended by the insertion in subregulation (1) after the words "water supplied" of the expression , "or payable in respect of basic charges,".

# Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

A. F. van R. MOUTON
*Sekretaris: Administrasie vir Blankes*

No. 28 1 Mei 1981

## INSTELLING VAN VASTE KOMITEES VAN DIE KULTUURADVIESRAAD VIR DIE BLANKE BEVOLKINGSGROEP IN SUIDWES-AFRIKA

Ingevolge subartikel (6) van artikel 8 van die Ordonnansie op Kultuurbevordering, 1980 (Ordonnansie 9 van 1980), word dit hierby bekend gemaak dat die Uitvoerende Komitee van die Blankes die volgende vaste komitees kragtens subartikel (1) van genoemde artikel 8 ingestel het:

Komitee vir Beeldende-, Toon- en Woordkuns
Komitee vir Geestes- en Natuurwentenskappe
Komitee vir Gesinsopvoeding en Tuisteskepping
Komitee vir Jeugaangeleenthede

---

No. 29 1 Mei 1981

## WYSIGING VAN DIE MODELREGULASIES OP WATERLEWERING VIR DORPSBESTURE SOOS OP DIE DORPSBESTUUR VAN MALTAHÖHE TOEGEPAS

Die Uitvoerende Komitee van die Blankes het kragtens artikel 14(2) van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) die regulasies goedgekeur wat in die Bylae vervat en deur die Dorpsbestuur van Maltahöhe gemaak is om 'n verdere wysiging teweeg te bring van die Modelregulasies op Waterlewering vir Dorpsbesture, afgekondig by Goewermentskennisgewing 47 van 1 April 1965 en gewysig by Goewermentskennisgewings 57 van 1968 en 80 van 1972, en, ten opsigte van genoemde Dorpsbestuur, teogepas by Goewermentskennisgewing 160 van 1 September 1966 en gewysig by Goewermentskennisgewings 63 van 1971, 149 van 1972, 174 van 1974, 7 en 193 van 1976, 151 van 1977 en 89 van 1978.

### BYLAE

1. Regulasie 9 word hierby gewysig deur in subregulasie (1) na die woorde "water gelewer" die uitdrukking, "of wat ten opsigte van basiese vorderings betaal word," in te voeg.

2. Schedule B is hereby amended by the substitution for tariff 1 of the following tariff:

"1. (a) Supply of water:

For every kl water or part thereof supplied in a month .......................................R0,30

(b) Basic charge:

**A basic charge of R3,00 in respect of every premises in the board area shall be payable monthly by the consumer concerned or, if water is not supplied to the premises, by the owner thereof.".**

2. Bylaag B word hierby gewysig deur tarief 1 deur die volgende tarief te vervang:

"1. (a) Lewering van water:

Vir elke kl water of gedeelte daarvan in 'n maand gelewer ..............................R0,30

(b) Basiese vordering:

**'n Basiese vordering van R3,00 ten opsigte van elke perseel in die bestuursgebied is maandeliks betaalbaar deur die betrokke verbruiker of, indien water nie aan die perseel gelewer word nie, deur die eienaar daarvan."**

No. 30 1 May 1981

## AMENDMENT OF THE MODEL STAFF REGULATIONS

The Executive Committee of the Whites has under section 244 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), made the following regulation to amend the Model Staff Regulations, promulgated by Government Notice 119 of 2 October 1969 and amended by Government Notices 10 of 1970, 38 and 162 of 1971, 225 of 1973, 128 of 1977 and 128 of 1980:

Regulation 21 is hereby amended by the substitution for the second proviso to paragraph (c) of subregulation (1) of the following proviso:

"(ii) cumulative sick leave with full pay shall not be taken before all ordinary sick leave with full pay to the credit of the employee concerned in the particular cycle has been utilised in full by him and cumulative sick leave with half pay shall not be taken before all ordinary sick leave with half pay to the credit of the employee concerned in the particular cycle has been utilised in full by him.".

No. 30 1 Mei 1981

## WYSIGING VAN DIE MODELPERSONEEL-REGULASIES

Die Uitvoerende Komitee van die Blankes het kragtens artikel 244 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die volgende regulasie gemaak om die Modelpersoneelregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing 119 van 2 Oktober 1969 en gewysig by Goewermentskennisgewings 10 van 1970, 38 en 162 van 1971, 225 van 1973, 128 van 1977 en 128 van 1980, te wysig:

Regulasie 21 word hierby gewysig deur die tweede voorbehoudsbepaling by paragraaf (c) van subregulasie (1) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

"(ii) oploopbare siekteverlof met volle betaling nie geneem word nie alvorens alle gewone siekteverlof met volle betaling tot krediet van die betrokke werknemer in die besondere tydkring ten volle deur hom benut is en oploopbare siekteverlof met halwe betaling nie geneem word nie alvorens alle gewone siekteverlof teen halwe betaling tot krediet van die betrokke werknemer in die besondere tydkring ten volle deur hom benut is.".

No. 31 1 May 1981

## VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF MALTAHÖHE: AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

The Executive Committee of the Whites has under section 14(2) of the Village Manage Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), approved the following regulation made by the Village Management Board of Maltahöhe to amend the Electricity Supply Regula-

No. 31 1 Mei 1981

## DORPSBESTUUR VAN MALTAHÖHE: WYSIGING VAN REGULASIES OP ELEKTRISITEITSVERSKAFFING

Die Uitvoerende Komitee van die Blankes het kragtens artikel 14(2) van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) die volgende regulasie goedgekeur wat deur die Dorpsbestuur van Maltahöhe gemaak is om die Regulasies op Elektrisi-

tions, promulgated by Government Notice 281 of 8 October 1976 and amended by Government Notices 149 of 1978, 60 and 127 of 1979 and 124 of 1980:

Paragraph 5 of Appendix C is hereby amended by the substitution in subparagraph (a) for the expression "R12,00" of the expression "R14,00".

teitsverskaffing, afgekondig by Goewermentskennisgewing 281 van 8 Oktober 1976 en gewysig by Goewermentskennisgewings 149 van 1978, 60 en 127 van 1979 en 124 van 1980, te wysig:

Paragraaf 5 van Aanhangsel C word hierby gewysig deur in subparagraaf (a) die uitdrukking "R12,00" deur die uitdrukking "R14,00" te vervang.

---

No. 32 1 May 1981

MUNICIPALITY OF GOBABIS: AMENDMENT OF TARIFF OF FEES AND CHARGES RELATING TO THE SUPPLY OF ELECTRICITY

The Executive Committee of the Whites has under section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), approved the following regulation made by the Municipality of Gobabis to amend the Tariff of Fees and Charges relating to the Supply of Electricity, promulgated by Government Notice 125 of 1 June 1955, and amended by Government Notices 29 of 1961, 2, 137 and 159 of 1967, 179 of 1973, 155 and 332 of 1975, 21 and 225 of 1976, 60 of 1977, 272 of 1978 and 56 of 1980:

Regulation 5 is hereby amended —

(a) by the substitution in paragraph (a)(ii) for the expression "R0,085" of the expression "R0,09";

(b) by the substitution in paragraph (b)(ii) for the expression "R0,085" of the expression "R0,09"; and

(c) by the deletion of paragraph (c).

No. 32 1 Mei 1981

MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS: WYSIGING VAN AANSLAGTARIEF OP ELEKTRISITEITSLEWERING

Die Uitvoerende Komitee van die Blankes het kragtens artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die volgende regulasie goedgekeur wat deur die Munisipaliteit van Gobabis gemaak is om die Aanslagtarief op Elektrisiteitslewering, afgekondig by Goewermentskennisgewing 125 van 1 Junie 1955, en gewysig by Goewermentskennisgewings 29 van 1961, 2, 137 en 159 van 1967, 179 van 1973, 155 en 332 van 1975, 21 en 225 van 1976, 60 van 1977, 272 van 1978 en 56 van 1980, te wysig:

Regulasie 5 word hierby gewysig —

(a) deur in paragraaf (a)(ii) die uitdrukking "R0,085" deur die uitdrukking "R0,09" te vervang;

(b) deur in paragraaf (b)(ii) die uitdrukking"R0,085" deur die uitdrukking "R0,09" te vervang; en

(c) deur paragraaf (c) te skrap.

---

## General Notice

No. 6 of 1981

MUNICIPALITY OF WINDHOEK

PERMANENT CLOSING OF A PORTION OF PUBLIC SPACE, ERF 6274 KATUTURA (EXTENSION 1)

Notice is hereby given in terms of section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance 1963(Ordinance 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently the undermentioned portions as indicated on plan P/1137/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 712, Municipal Offices, Kaiser Street:

## Algemene Kennisgewing

No. 6 van 1981

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK

PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN OPENBARE PLEK, ERF 6274 KATUTURA (UITBREIDING 1)

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit van Windhoek voornemes is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/1137/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 712, Stadhuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

a portion of public space, erf 6274 Katutura (Extension 1)

Objections to the proposed closing are to be served on the Executive Committee within thirty days from the date of publication of this notice in terms of section 183(3) of the said Ordinance.

A. C. ARNOLD
*Town Clerk*

'n gedeelte van openbare plek, erf 6274 Katutura (Uitbreiding 1)

Besware teen die voorgenome sluiting met ingevolge artikel 183(3) van bogemelde ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Uitvoerende Komitee bestel word.

A. C. ARNOLD
*Stadsklerk*

## Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* Extraordinary containing advertisements is published on every Friday of each month; if those days fall on a Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the preceding Thursday.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 3 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

4. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

5. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

6. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

7. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

8. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

## Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die Buitengewone *Offisiële Koerant* wat advertensies bevat verskyn op elke Vrydag van elke maand; indien 'n Vrydag op 'n Openbare Feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die voorafgaande Donderdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasiegebou, Windhoek afgelewer word, nie later nie as 3 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

4. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

5. Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

6. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

7. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as die deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

8. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

9. The subscription for the *Official Gazette* is R12,50 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from The Suidwes-Drukkery, Limited, P. O. Box 2196, Windhoek, at the price of 30c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

10. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 45 c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

| *Type* | *Charge* |
|---|---|
| 1. Transfer of business | R3,25 |

9. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R12,50 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 30c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

10. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels pos- of geldorders:

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 45 c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

| *Tipe* | *Tarief* |
|---|---|
| 1. Oordrag van besigheid | R3,25 |

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat by 'n Spesiale Sitting van die Handelslisensiehof wat gehou sal word by die Landdroskantoor te OUTJO, aansoek gedoen sal word vir oordrag van die Algemene Handelaarslisensie gehou deur MANUEL DA SILVA NEVES op Erf Nr. 70, Outjo aan FERNANDO DA SILVA NEVES wie besigheid sal doen onder die naam SAFARI MARKET op dieselfde perseel.

VAN DER WESTHUIZEN & GREEFF
Posbus 47
OTJIWARONGO

## NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS

Notice is hereby given that application will be made at the sitting of the Licensing Court on 3rd June 1981 at Windhoek, for the transfer of the General Dealer, Fresh Produce, Tobacco, Mineral Water and Patent Medicine licences held by MANUEL FERNANDES who traded for his own account under the name and style of Da Gama Portuguese Garden to MANUEL XAVIER PORTUGAL who will trade under the same name and style for his own account and on the same premises situated at Trift Street, Erf 3203, Windhoek

Dated at Windhoek on this the 22nd day of April 1981.

(Sgd) M.X. PORTUGAL
P.O. Box 6204
WINDHOEK

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis geskied hiermee dat 14 (veertien) dae na publikasie hiervan aansoek gedoen sal word aan die Landdros Luderitz vir die oordrag van die Slagter Lisensie tans gehou deur SIDNEY SAMUEL DRUKER wie besigheid dryf te Erf Nr 19 Aus, Distrik Luderitz onder die naam AUS SLAGHUIS aan en ten gunste van GERTRUIDA CORNELIA DRUKER (gebore VAN LILL) getroud buite gemeenskap van goedere met HAROLD DRUKER wie voortaan besigheid sal dryf vir haar eie rekening op dieselfde perseel en onder dieselfde naam.

GEDATEER te KEETMANSHOOP hierdie 3de dag van APRIL 1981

LENTIN, BOTMA & DE WAAL
Prokureurs vir die Partye
Passanogebou Kaiserstraat
Posbus 38
KEETMANSHOOP
9000

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis geskied hiermee dat 14 (veertien) dae na publikasie hiervan aansoek gedoen sal word by die Landdros te WINDHOEK vir die oordrag van die restaurant, tabak en minerale water lisensie, gehou deur RENÉ SCHÄLLEBAUM wat handel dryf as RENÉ'S INN aan HELMUT JOHANNES BELLING wie besigheid sal dryf onder dieselfde handelsnaam RENÉ'S INN op sy eie rekening op die selfde perseel te wete naby die Munisipale swembad by die Putt Putt baan op 'n gedeelte van Blok XXXV Munisipale gebied van WINDHOEK.

GETEKEN TE WINDHOEK hierdie 27ste dag van Maart 1981.

A. VAATZ
Prokureur
SWABS Gebou 210
Post Straat
WINDHOEK